NG Kerk in SA: Argief

https://www.kerkargief.co.za

Argiefgebou, Noordwal-Wes 1, Stellenbosch | Posbus 34, Stellenbosch, 7599
Telefoon: 021 882 9923 | argief@kaapkerk.co.za
Bestuurder: Dr Andrew Kok | 021 882 9923 | argief@kaapkerk.co.za

Algemene riglyne en tariewe vir navorsing in die Argief

Aansoekvorm

Alle navorsers moet die "Aanvraagvorm vir Navorsingsinligting" ten opsigte van elke nuwe navorsingsonderwerp voltooi. Die vorm is op die webblad beskikbaar in PDF- of *Word*-formaat. Klik op: https://www.kerkargief.co.za/navorsing/#AN

Die korrekte en volledige voltooiing van die "Aanvraagvorm vir Navorsingsinligting" is van kardinale belang met die oog op die soektog na argivalia wat betrekking het op die beplande navorsing. Neem in ag dat navorsers onder geen omstandighede self in die kluis mag rondloop en soek na spesifieke argivalia nie. Die Argiefpersoneel sal – op grond van die voltooide navorsingsvorm – aandui watter argivalia beskikbaar is. Die Argiefpersoneel sal met die navorser in gesprek bly (per e-pos of telefonies) om te verneem watter van die bronne vir die navorser interesseer. Hierdie spesifieke bronne sal dan (waar moontlik) na die navorsingslokaal gebring word, waar dit bestudeer kan word.

Afspraak

Navorsers behoort vooraf te reël vir 'n navorsingsbesoek (maak 'n afspraak) sodat die betrokke soektog betyds gedoen kan word en die argivalia (waar van toepassing) na die navorsingslokaal gebring kan word.

Navorsingshulp

Die Argief doen slegs die soektog na die bronne. Argiefpersoneel doen **nie** navorsing namens navorsers nie. Die navorser moet self die navorsing doen.

In buitengewone omstandighede kan navorsers (bona fide sowel as nie-bona fide navorsers) wel 'n versoek aan die Argief rig vir navorsingshulp. Na konsultasie sal 'n kwotasie aan die navorser gegee word.

Riglyne

- Tasse/rugsakke word in 'n sluitkas toegesluit, nadat die toelaatbare items daaruit gehaal is.
- **Toelaatbare items**: skootrekenaar, kamera, selfoon, potlood, uitveër en skryfpapier.
- **Nie-toelaatbare items**: pen, fluorescent pen, "sticky notes", eet- en drinkgoed.
- Hande moet ten alle tye skoon en droog gehou word. Ontsmettingsmiddel en Papierservette word voorsien.
- 'n Vergrootglas sal voorsien word, indien daarvoor gevra word of bring u eie een.
- Bladsy merkers sal voorsien word. Eie merkers mag nie gebruik word nie.
- Geen dokumente mag buite die lokaal geneem word nie.
- Slegs een houer mag op 'n slag hanteer word, sodat dokumente nie deurmekaar raak nie.
- Die volgorde van dokumente moet behou word soos waarin dit ontvang is.
- Alle dokumente moet baie versigtig en met groot respek hanteer word.
- Personeel sal op aanvraag fotostate/skanderings maak.
- Foto's mag van dokumente geneem word, maar sonder flitslig.
- Selfoonoproepe moet buite die navorsingslokaal gemaak of ontvang word.
- **Stilte** moet gehandhaaf word ter wille van die ander navorsers.
- Geen klein kinders word in die Argief toegelaat nie. Hoërskool kinders is welkom.
- Tee/koffie sal in die personeelkamer op vaste tye voorsien word. Toebroodjies mag dan geëet word.

Ure

Die argiefpersoneel is tussen 7:45 en 16:00 op diens. Navorsers word egter net tussen **8:30** en **15:30** in die navorsingslokaal toegelaat. Net soos by 'n handelsbank, het die Argiefpersoneel tyd nodig om administratiewe take af te handel en argivalia te hanteer – voor of nadat die publiek die argiefgebou verlaat het.

Bona fide NG Kerk-navorsers

Bona fide NG Kerk-navorsers betaal **geen** uurlikse- of dagtariewe nie. Bona fide navorsers is:

- Ingeskrewe teologie studente van enige van die NG Kerk-familie se teologiese opleidingsentra wat besig is met 'n kursusopdrag (met ander woorde nie vir byvoorbeeld privaat genealogiese navorsing nie).
- Doserende personeel van enige van die NG Kerk-familie se teologiese opleidingsentra wat met vakverwante navorsing besig is (met ander woorde nie vir byvoorbeeld privaat genealogiese navorsing nie).
- Amptelike navorsers van sinodes, ringe, kerkrade, kommissies en instansies (en al die wisselvorme daarvan soos taakspanne en diensgroepe) wat 'n argiefdiens by die NG Kerk in SA aankoop (tans die Algemene Sinode; die Sinode van Wes-Kaapland; die Sinode van Oos-Kaapland; die Sinode van Noord-Kaapland; die Sinode van Goudland (Wes- Transvaal); die Noordelike Sinode en die Sinode Hoëveld (Suid-Transvaal); die Verenigende Gereformeerde Kerk; die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa). "Amptelik" beteken die betrokke sinode of ring of kerkraad het 'n opdrag aan die betrokke navorser gegee om bepaalde inligting te bekom of na te vors.
- Studente en dosente van ander universiteite of instellings met wie die Argief 'n samewerkingsooreenkoms gesluit het.
- Navorsers wat nie aan bogenoemde vereistes voldoen nie, maar wie se navorsing sinvol benut kan word deur die NG Kerk of die Argief (volgens die diskresie van die Argief se personeel en die Argiefbestuurder) kan as 'n bona fide navorser verklaar word.
- Bona fide navorsers betaal wel vir fotostate, skanderings en foto's soos hieronder uiteengesit.

Tariewe

Doen eie navorsing by die argief

Navorsing:	R20 per uur of minder as uur / R100 per dag

Doen navorsing met behulp van argiefpersoneel

Gewone navorsing:	R200 per uur
Spesialis navorsing:	R250 per uur
Genealogiese navorsing:	R250 per uur
Gesertifiseerde sertifikate:	R100 per sertifikaat
Fotostate/skanderings:	R2 per bladsy
Foto's geneem deur personeel:	R10 per foto

Genealogiese navrae

Opsoek van 1 – 5 inskrywings in die registers: R100

(Die opsoek van inskrywings in die registers sal slegs geskied wanneer detail van die gemeente se naam en die datum van geboorte/huwelik voorsien kan word.

Betaling

'n Vorm sal aan u voorsien word waarop die ure van navorsing aangeteken word. Betaling geskied aan die einde van die navorsing sessie. Slegs kontant word aanvaar. Maak seker dat u 'n kwitansie ontvang.

Register

'n Navorsingsregister word daagliks voltooi in die navorsingslokaal.